Liewe vriende

Ek kan amper nie glo dat daar meer as ‘n halwe jaar verby is sedert my laaste skrywe aan die gemeente nie. Intussen is ons deur nog 2 golwe van COVID-19 deur waar ons gewissel het tussen byna geen inperkings tot terug tot by vlak 4 nou in Junie-maand.

Ek moes ook, soos die meeste van die gemeente vriende en kollegas groet as gevolg van COVID. Saam moet ons gewoond raak om hulle nie meer te bel of te sien nie en elke dag dink ons aan die leemte wat daar in hulle families moet wees ... hulle wat ‘n man of vrou, ‘n ma of pa aan die dood af gestaan het. Ons beleef saam die verlies.

Maar deur die trane deur is daar ook hoop soos vaksineringsentrums orals opskiet en buisies vol hoop in Suid Afrika se arms inspuit. Hoop dat daar weer eendag ‘n dag sal kom wat ons mekaar kan druk sonder om te wonder: ‘wat as...’. En dan die Bokke, ai daar is darem niks so lekker soos as hulle wen nie. Al was dit op ons deurstop en kon niemand gaan kyk nie, was die oorwinning darem lekker om te smaak na ons behoorlik uitgehonger was na die wereldbeker sege in 2019...nou dink baie van ons seker, daai was die sorgelose dae.

Dit was nou ‘n lang aanloop tot ‘n baie mooi storie ook vir Bergsig, een waar ons weereens besef het dat daar ‘n God is wat sorg, en dat ons nou kan sien dat al die moeilike besluite van 2020 begin vrugte afwerp ook vir Bergsig se Kerkkas. Die Here was vir ons wonderlik goed gewees, en ook herstel gebring aan die ongesonde finansiele posisie waarin Bergsig haarself in middel 2020 bevind het.

Ek deel graag kortliks met u die volgende in terme van huige boekjaar teenoor laasjaar.



Aan die hand van die grafiek hierbo kan u sien dat die totale inkomse in die huidige boekjaar steeds laer is as in laas jaar vanwee die feit dat ons in die jaar geen Plaasfees kon hou nie (die nostalgie...daai was die goeie ou dae!). Maar hoe wonderlik het die Here nie in mense se harte bly werk nie, en hoe dankbaar is ons nie vir die addisionele dankoffers wat ons in die jaar ontvang het nie.

Aan die uitgawe kant het die Kerkraad baie moeilike besluite rondom personeel moes maak in 2020, en het ons vir Ds. Philip (vroeê aftrede), Ds. Kobus en Pieter Henning (albei weens afleggings) moes groet in 2020.



Personeel kostes jaar-op-jaar is drasties gesny en is ons personeel kostes tans 64% van ons totale inkomste wat binne die sinodale riglyn van <70% val. Dit vergelyk met die 87% van laas jaar wat eenvoudig net nie volhoubaar was nie. Administratiewe uitgawes blyk baie meer te wees, maar is te danke aan 'n sinodale hulppaket wat in 2020 toegestaan is aan alle gemeentes.



Om op te som was Bergsig die tweede helfde van vorige boekjaar in met bykans geen surplus en sou die daaropvolgende maande vir Bergsig baie moeliker wees as wat die huidige vooruitsig vir die jaar daarna uitsien. 'n Tydperk wat geken was deur afleggings soos hierbo vermeld, maar ook personeel salaris verlagings van 15% wat vanaf Augustus tot Desember van 2020 sou voortduur. Ons opregte dank weer aan die personeel van Bergsig vir die positiewe gesindheid waarmee hulle steeds hulle werk gedoen het – ons dank die Here dat almal wat oor is vol salarisse kon verdien vir die hele jaar sover.

Om af te sluit, mag God aanhou om Bergsig genadig te wees en haar te gebruik om Sy Koninkryk in Durbanville te laat kom, maar ook in die Wes Kaap, tot aan die uithoeke van Suid Afrika en oor die wêreld heen. Die Kerkraad se opregte dank aan elke lidmaat wat getrou sy/haar bydrae lewer sodoende help met hierdie belangrike sending, doen asseblief so voort!

Groete

Juan Benson
Voorsitter: Bergsig Kerkraad
082 903 9344